# ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK
Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont

23 Oktober 2014

Dagsê Almal

Dankie, dankie en nogmaals dankie vir al U genade en seeninge. Dankie ook aan elkeen wat dit vir my moontlik maak om hierdie huis suksesvol te bedryf. Sonder julle kan en sal dit nie vir my moontlik wees om elke dag vir tussen 50 en 60 swaarkrymense te kan sorg nie. Die klere, kos, meubels en ander lewensmiddele bly voordurend in aanvraag aangesien van die mense begin om op hul eie bene te staan met bogenoemde hulp en dan kom daar weer nuwes van iewers vandaan. Ek glo dat die Here elkeen hierheen stuur – goed en soms minder goed – sodat ek en Petro as instrumente is Sy groot hande Sy dienswerk hier kan doen. Soms voel dit of ons wil handdoek ingooi en ander kere voel ons die opwinding van Christenskap in ons are bruis en wil ons op die dak klim en die Here loof en prys.

Om ons in staat te stel om bogenoemde werk te verrig het ons maar altyd KOS nodig soos vars-en sojavleis, geblikte vleis en vis(naweke maak hul self kos en baie min van hulle het krag of stofies), bakedbeans, koffie, tee(rooibos en gewoon), melk(boks of poeier want meeste van hulle het nie yskaste nie), margarien(ons eet gemiddeld 3-4 brode p/dag)(hulle maak ook broodjies vir die kinders vir skool), broodsmere soos Bovril, grondboontjiebotter, stroop en konfyt, suiker, kitsmieliemeel(om krag te spaar), makaronie en spaghetti, sout, peper en speserye, soppakkies, aanmaakkoeldrank, kookolie en eiers. Luukshede soos kaas, kondensmelk, vlapoeier, koekmeel vir vetkoek, gis en lekkernye vir die kinders sal ook baie welkom wees maar is nie noodsaaklik nie. Ek en Petro poog om daagliks ‘n gebalanseerde ete voor te berei met ‘n protiën, stysel en vitamien(vars groente) in. Ons kan tans net 2 dae per week vleis gebruik aangesien ons baie min kry en die ander 2 dae gebruik ons vis en eier as protiën. Die kospakkie vir die huis(3dae) wat hulle self moet kos gaan maak sluit gewoonlik brood, 1 blikkie vis, 1 blikkie vleis of soja, rys of pasta, vars groente uit ons projek, kookolie, melkpoeier en margarien indien beskikbaar, tee of koffie, suiker en soppoeier. Persoonlik wonder ek hoe hulle dit oorleef maar hulle aanvaar elke dingetjie met groot blymoedigheid en so stap elkeen met sy “Checkers” sakkie huistoe vir die naweek. Ons poog om soms gaar kos saam te gee vir die naweke maar het nie altyd beskikbaar nie. Dit pluk aan my hart wanneer hulle so begin groet en huistoe gaan met die karige bietjie wat hul saam neem.

Gesien in die lig van bogenoemde wil ek graag vir al die gemeentes vra dat indien elke lidmaat elke Sondag net EEN blikkie of pakkie(sop of soja) kan saambring om af te dra vir die swaarkrymense sal ons nooit weer bekommerd hoef te wees **SOOS VANDAG** oor waar kom more en die dae daarna se kos vandaan nie. Indien elke gemeente ŉ krat of koskas of boks in hul portaal kan plaas gemerk Eljada Huis Kosprojek is ek bereid om Maandae die rondte te doen en dit gaan afhaal. BAIE DANKIE BY VOORBAAT.

Ons finansies bereik ook net-net elke maand die verantwoordelikhede: Salarisse(R11000), W & L(R6000 – R8000), Sekuriteit(R500), versekering vir die kombi(R800), telefoon R500), Brandstof(R3000) en die maaklone (groente en gebedskussings) word tans gebruik om vir die mense brille, tande en ander oorlewings items aan te koop. Ons het ŉ debietorder stelsel in plek en indien elke “Vriend van Eljada” slegs R100 per maand kan bydra kan ons finansieel op ons eie voete staan. My doelwit is 1000 x R100 debietorders. HELP MY ASSEBLIEF om dit te bereik.

Kom kuier gerus hier by die Eljada Huis en sien die Here in aksie. Ons stoep se plafon is uiteindelik in, die vloer gegooi en die teels gelê. Die skuifdeur is ook ingesit en nou benodig ek dringend finansies om die diefwering en “louver” venster in te sit. Wil ook graag ŉ gordynreëling met “sunblock” gordyne aansit om die son buite te hou. Dit is ŉ heerlike groot ruimte waar die katkisasie en bybellees tye deurgebring word. Dankie by voorbaat vir u ondersteuning ook daarmee.

Vir die groenteprojek kyk ek na die moontlikheid van ŉ inloop yskas. Die kwotasie wat ek ingewin het beloop R48 000. Totaal buite ons eie vermoë maar ŉ groot noodsaaklikheid om die groenteverwerking suksesvol te kan doen.

Eljada Huis groete. Annatjie.

***Bankbesonderhede***
**Eljada Huis, Standard Bank, Montana,**
**Marketlink spaar, 044396058,**
**Bankkode 051001**

***<u>NOODROEP VANUIT DIE ELJADA HUIS!!!!</u>***

- ***<u>KOS – BAIE GROOT NOOD</u>***
- **Toiletware – noodsaaklik om skoon te bly**
- **Plastiese sakke – “Checkers”, ander groot en klein, bakke en bottels**
- **Melkkratte en ander kratte vir die groente projek.**
- **Baie groot en kleiner skottels, skerp messe(groot en klein) en skillertjies.**
- **Appelbokse – handig want hulle maak toe**
- **Plastiese tafeldoeke**
- **Groot tafels.**
- **Nuwe bussie en bakkie**
- **Inloopyskas**
- **Kombuiskaste – veral staal**
- **Rekenaars – staan en skoot**
- **Selfone wat nog bruikbaar is**
- **TV’s wat nog bruikbaar is**
- **Yskaste**
- **Lesenare**